

## 10 Junie Handeling 2:1-4; 1 Korintiërs 12:1-11

### *Pinkster - Tyd van beloftevervulling en toerusting*

Wanneer mens wag op 'n gebeurtenis waarna jy baie uitsien is dit dikwels met gemengde gevoelens. Jy is soms opgewonde, maar dikwels ook onseker, omdat jy nie presies weet wat om te verwag nie. Destyds moes die dissipels wag op God se tyd om sy belofte aan hulle waar te maak. Volgens Handeling 1:8 het Hy aan hulle belowe: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom...". Voorheen reeds (in Joh. 14) het Hy belowe dat Hy nie sy kinders as weeskinders sou agterlaat nie. Hy sou sy Heilige Gees as gawe na hulle toe stuur. En die wagtyd was amper verby! Met gespanne verwagting het die groepie gelowiges uitgesien na die koms van die Heilige Gees.

Hulle het waarskynlik in 'n huis byeengekom. En skielik gebeur dit waarop hulle gewag het. Jesus Christus se belofte word waar. Die Heilige Gees word uitgestort. Pinkster breek aan! Die volheid en oorvloed van God se Gees en die gawes wat Hy aan sy kerk gee oorspoel die kerk. In die kerk sou niks ooit weer dieselfde wees nie! Nou het die kerk al die gawes ontvang om voluit te kan leef as kerk van die Here. Vanaf Pinksterdag is elke gelowige toegerus om met sy of haar gawes diensbaar te wees in God se kerk en koninkryk. Gelowige kind van die Here... ook jy is toegerus met die gawes van die Heilige Gees.

Daarom behoort jy te lewe met die Gees van Pinkster bruisend in jou are. Geesvervuld en toegerus! Wees dan diensbaar en gebruik jou gawes tot voordeel van die Here en van sy kerk.

Sing: Skrifberyming 14:1, 2

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)